

13 April

Versoeking en volharding

Skrifgedeelte: Jakobus 1:9-18 (OAV)

Fokusgedeelte: Jakobus 1:12

Jakobus wys in die eerste hoofstuk van sy brief op 'n saak wat dikwels in versoekingsverband misgekyk word: versoekings kan 'n gelowige só louter en só brei dat dit vir hom op die lange duur tot diepe vreugde en selfs geluksaligheid strek.

Om in 'n geveg betrokke te wees en agter te kom dat jy besig is om die oorhand te kry, is altyd aangenaam. Soveel te meer is dit rede tot groot blydskap om te weet jy is besig om die Bose te oorwin in die Here se krag!

So seker as wat die duiwel, die wêreld en ons oue natuur daarop uit is om gereeld die versoeking oor ons pelgrimspad te bring, net so seker kom God die Heilige Gees die strydende gelowige te hulp.

Die *volharding van die gelowiges* is 'n ou leerstuk in die Christelike kerk. Hiervolgens word uit die Skrif aangedui dat God se kinders wél in staat is om teen aanvegtings en versoeking van Satan weerstand te bied en selfs te oorwin, maar nie in eie krag nie. Nee, hiervoor is krag van die almagtige God nodig. Vandag nog word die gelowige se gebed om meer krag beantwoord, soos by Paulus vanouds die geval was: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring" (2 Kor 12:9).

Nou word die perspektiewe pragtig: ook in versoeking kan en moet geveg word, maar dan biddende – in volle besef van Satan se lis en eie swakheid aan die eenkant, maar God se groot genade en almag aan die anderkant.

Die gelowige se gemoedstoestand in hierdie geveg met Satan en sy trawante hoef nie van vrees en onvrymoedigheid te getuig nie, maar die blydskap wat ons Here aan ons nagelaat het (Joh 16:22) behoort eerder deur alles en ten spyte van alles duidelik in ons woorde en optrede keer op keer deur te breek. Dis hierdie Gees-geïnspireerde blymoedigheid wat Christenmartelare op brandstapels en skavotte in staat gestel het om nog lofliedere tot Gods eer te sing!

Biddend, strydend en vas vertrouend kan die gelowige wat versoeking verdra en die toets deurstaan het, hoop op die kroon van die lewe wat die Here beloof het aan dié wat Hom liefhet.

Sing: Psalm 119:63 (Totius)

Dr. Izak Bekker (Emeritus)